

# Die beste verjaardaggeskenk


Storie deur Zaheera Jina Asvat

Illustrasies deur Chantelle en Burgen Thorne



Zakariyya word wakker toe die son deur die skrefies in die gordyne loer.

Dis sy verjaardag! Mamma het vir hom 'n spesiale verjaardaggeskenk belowe. Ná ontbyt help Mamma vir Zakariyya tot op die agtersitplek van die motor.



Die kar hou stil. Zakariyya kan honde hoor blaf en katte hoor miaau.

“Waar is ons, Mamma?” vra hy.

“Ons is by ’n baie spesiale plek waar diere versorg word. Dit word die DBV genoem.”



Mamma hou Zakariyya se hand vas en saam stap hulle deur die glasdeure. ’n Vrou met a blou hemp groet hulle.

“Ek is dokter Molete. Welkom by die DBV. Ek is ’n veearts. Ek versorg siek diere.”



Mamma sê: “Ons is hier om twee babakatjies aan te neem.”

“Twee katjies?” vra Zakariyya.

Dokter Molete neem hulle na die hokke toe. Zakariyya sien baie katte en babakatjies. Dokter Molete sit een gemmerkatjie en een swart-en-wit katjie in ’n katmandjie.

Mamma teken die aannemingsvorme en betaal die gelde.



Later, toe die maan vir die son tot siens waai, lê Zakariyya knus in sy bed met sy babakatjies.

“Ginger en Liquorice is die beste verjaardaggeskenke ooit, Mamma!” lag Zakariyya.

# Die beste verjaardaggeskenk

Storie deur Zaheera Jina Asvat • Illustrasies deur Chantelle en Burgen Thorne

## Idees om oor te gesels

Hoe oud sal jy by jou volgende verjaardag wees? Wat sou die beste verjaardaggeskenk ooit wees?

Hoe dink jy het Ginger en Liquorice by die DBV gekom?

Gee julle in julle gesin vir mekaar verjaardaggeskenke? Hoekom of hoekom nie?



## Visueel

Het jy 'n troeteldier, of wens jy jy kon een hê? Teken 'n prentjie van jouself met hierdie troeteldier.



## Lees

Soek hierdie dinge in die storie:

- ★ twee geluide wat diere maak
- ★ drie kleurname
- ★ een nommer
- ★ twee dinge wat ons in die lug sien
- ★ die naam van 'n maaltyd




## Skryf

Zakariyya wou 'n katjie vir sy verjaardag hê. As jy enigiets kon kry wat jy wou hê, skryf 'n lys van verjaardaggeskenke wat jy sou kies.



## Handwerk

Gebruik 'n kartondoos om 'n katmandjie soos die een in die storie te maak. Gebruik dan speeldeeg of klei om Ginger en Liquorice te maak en sit hulle in jou katmandjie.



## Speel toneel

Maak asof jy Zakariyya is en vertel die storie oor sonder om enige woorde te gebruik. Gebruik net liggaamsaksies om te wys wat op jou verjaardag gebeur het.

